



# Sê jou sê oor begroting

## Deelname aan munisipale geldplanne tot einde April

Nicolize van der Walt  
en Alta Snyman

Munisipale begrotings moet teen die einde van die maand goedgekeur wees. Belastingbetalers kan tot dan deur openbare deelnameprosesse hul menings oor die konsepbegrotings gee.

Die Matlosana-raad se begroting is verlede week in die raadsvergadering ter tafel gelê.

Daarin word verduidelik hoe die raad hul begroting van nagevoeg R1,8 miljard in die nuwe geldjaar sal bestee.

Duur elektrisiteit, moeilike ekonomiese toestande, prysverhogings deur Eskom en Midvaal Water, swak infrastruktuur en salarisverhogings bo die inflasiekoers is redes waarom verbruikers nog meer sal moet opdok vir munisipale dienste.

Elektrisiteit is styg met 20,38%. Water word 13% duurder en eiendomsbelasting verhoog met 6%. Ander dienste soos riool en vullisverwydering styg met 4,8%.

Intussen word daar ook sowat R6 miljoen vir die seël van paaië begroot en 'n verdere R42 miljoen vir paaië en stormwaterpype, sowat R5 miljoen vir die verbetering van sportgeriewe, R4 miljoen vir die bou van 'n veeldoelige gemeenskapsaal en R19 miljoen vir spesiale voertuie.

Die raad het weer eens skuldinvordering benadruk. Die raad sal voortgaan om agterstallige gelde wat aan die raad verskul-

dig is in te vorder.

“Hierdie begroting moet oor 21 dae ter tafel gelê word vir finale goedkeuring.

“Ek doen 'n beroep op wyksraadslede om hul wyke in te lig oor die openbare deelnameproses.

“Ons moet wetgewing nakom en nou hierdie begroting na die mense toe vat,” het mnr. Oefense Mogale, uitvoerende burgemeester, gesê.

Openbare deelname hieroor het reeds vandeewee begin.

Afskrifte van die beoogde begroting is ter insae vir die publiek by al die biblioteke binne die munisipale gebied beskikbaar.

■ Rustenburg se plaaslike munisipaliteit se konsepbegroting is nog nie gereed nie.

Die aanvanklike begroting wat verlede week ter tafel gelê is, sou belastingbetalers se sakke ruk.

Daarvolgens sou erfbelasting 9% styg, elektrisiteit 20,38% en water, riolering en vullisverwydering met 16% elk.

Die totale begroting sou R2,479 miljard bedra, 21,66% meer as verlede jaar.

Die ANC- en opposisieraadslede het beswaar gemaak en die begroting is terugverwys.

Die finansiële portefeuljekomitee moes Woensdag oor die nuwe voorstelle vergader, maar die vergadering is weens 'n kragonderbreking in die munisipale gebou tot Dinsdag uitgestel.

'n Openbare deelnamevergadering word vir 15 April beplan.



### Rustenburg Draft Budget

## Die veld word herfs met kosmosbloeisels

Wanneer die kosmos in Noordwes blom, beteken dit die herfs is hier. Iridi Moutzoris (15) van UpStage Models in Klerksdorp kyk van nader na die welige veldblomme en -gras tussen die Stad van Mense en Ventersdorp.

Foto: NICOLIZE VAN DER WALT